**Cambridge International Examinations**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **0512/01**

Paper 1 Reading **October/November 2017**

INSERT **2 hours**

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

This Insert contains the reading passages for use with the Question Paper.

You may annotate this Insert and use the blank spaces for planning. This Insert is **not** assessed by the Examiner.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Die bylae bevat die leestekste.

Jy mag aantekeninge in hierdie bylae maak en die oop ruimtes gebruik om jou antwoorde te beplan.
Hierdie bylae word **nie** deur die eksaminator nagesien **nie**.



DC (KN) 139042/2
© UCLES 2017

Teks A is geskryf deur Tony Weaver, ’n rubriekskrywer van *Die Burger*.

Lees teks A en beantwoord vraag 1 in jou vraestel.

**TEKS A**

## Flaminke rinkink weer in die Liesbeek

Ek is verslaaf aan storms. Ek is mal oor die drama van gure weer, ’n wilde see, vol riviere en die manier waarop die wolke voortdurend van vorm verander terwyl hulle oor die berg swiep.

Ja, ek is jammer vir inwoners van vloedgeteisterde gebiede op die Kaapse Vlakte en elders, maar daar is ’n oerelement aan ’n groot storm wat my met opwinding vervul.

Ons woon tussen die Liesbeek en die Swartrivier. Ons huis is die ou melkery wat in die vroeë 1930’s gebou is. Ek hou daarvan om my te verbeel hoe koeie minder as ’n eeu gelede hier tussen die twee riviere gewei het, en hoe hierdie omgewing ’n paar eeue gelede die tuiste van seekoeie en ander wilde diere was.

Ons stukkie grond was eens op ’n tyd deel van die plaas Welgelegen, begrens deur die plase Coornhoop, Reygersdal, Bloemendal, Valkenberg en Molenvliet. As jy van al die stedelike ontwikkeling in die woonbuurte rondom ons vergeet, kan hierdie name jou amper terugvoer na die tyd toe hierdie omgewing die voorpunt van Jan van Riebeeck se klein nedersetting aan die Kaap was. Dit was die vrugbare graan-en-groente-mandjie tussen die twee riviere.

Ek is gaande oor hierdie riviere. Ek kan elke winter amper tot op die uur voorspel wanneer hulle hul walle gaan oorstroom. Al wat dit verg, is ’n perfekte storm en die regte getytoestande. Ons het Woensdag die perfekte storm gehad: 40 tot 50 mm reën in net drie uur, met springgety wat van Paardeneiland af in die samevloeiing van die Swartrivier en die Liesbeek opstoot, asook reusegolwe wat vanaf Tafelbaai in die riviermond opstoot.

Ek het gedurende die hoogtepunt van die storm gaan rondry. Die Swartrivier was tot oorlopens toe vol, maar die Liesbeek was nog ’n halwe meter onder die oorstroomvlak. Vier jaar gelede sou die Liesbeek reeds sy walle oorstroom het en sou die River Club in Observatory onder water gewees het. Nie hierdie keer nie. En hopelik nooit weer nie, as die huidige verstandigheid voortduur.

In my tienerjare as ’n koshuisganger in Nuweland het ek dikwels weggeglip om in die Liesbeek te gaan kunsvlieghengel. Ek het talle stewige forelle uitgetrek, waarvan die grootste net meer as 500 gram geweeg het. Gaandeweg het die watergehalte egter agteruitgegaan namate al hoe meer afvalwater, gemors, bourommel en ander puin in die rivier gestort is. Indringerplante soos selonsroos, portjackson en rooikrans het die kanale verstop en rampspoedige oorstromings meegebring.

Die Swartrivier het al hoe meer toksies geraak, in so ’n mate dat enigeen wat dit naby die water gewaag het, beskermende klere moes dra. Die water was vieslik vuil en die oewers besaai met tonne gemors.

’n Merkwaardige ommekeer het in 2011 begin toe Kaapstad met Kader Asmal se program vir die bestuur van wateropvanggebiede begin het. Sedertdien het die stad se program vir uitgebreide openbare werke meer as 100 000 werksgeleenthede op 946 terreine oor die stad heen geskep en is meer as R310 miljoen aan lone bestee.

Die verandering as gevolg van die program is verstommend. Die mees sigbare verandering is die toenemende getalle grootflaminke wat ná hul broeiseisoen op die panne van Botswana en Namibië hierheen migreer.

© UCLES 2017

Dit is nie net te danke aan ’n enorme verbetering in die gehalte van die afvalwater afkomstig van die plaaslike rioolaanleg nie, maar ook aan ’n paar eenvoudige ingrypings. ’n Tou wat oor die Swartrivier gespan is om gemors te keer asook gereelde skoonmaakoperasies laat die water vinniger deur die kanaalseksies van die rivier vloei.

Danksy die uitroei van indringerplante en die plant van inheemse plante deur die nieregeringsorganisasie The Friends of the Liesbeek, is die vloei van dié rivier bykans tot sy oorspronklike toestand herstel.

Dit alles het meegebring dat ons Woensdag, ondanks ’n perfekte storm, rampspoedige oorstromings gespaar is.

tonyweaver@iafrica.com

Uit: *Die Burger, 5 Junie 2015*

Teks B is deur Elise Tempelhoff, ’n omgewingsverslaggewer, geskryf.

Lees teks B en beantwoord dan vraag 2.

**TEKS B**

## Vooruitgang eis baie hoë tol van die aarde

’n Nuwe aarde, deur onsself gemaak: Dit is ’n afgesloofde, afgeleefde planeet waarop ons nou woon. ’n Handjievol van die aarde se bewoners leef in weelde. Ander woon in krotbuurte en leef van die hand na die mond. Hier en daar bestaan daar dalk nog ’n ongerepte stukkie woud en ’n rivier met skoon water daarin.

Meer as die helfte van die aarde se oppervlakte bestaan nou uit dorpe, stede, landbougrond, myne en stortingsterreine. Plekke wat vroeër ongerepte natuur was, is nou onherkenbaar.

Die aktiwiteit wat op die ontwikkelde helfte gebeur, het ’n regstreekse invloed op die ander helfte, want die aarde is mos een groot ekostelsel. Stort vandag ’n druppel olie op ’n teerstraat in Johannesburg en oor ’n maand of so land hy in die Jukskeirivier, deur die Hartbeespoortdam, al met die Krokodilrivier langs tot in die Limpoporivier en by Xai-Xai in Mosambiek tot in die see.

Meer as 30 wetenskaplikes het onlangs ’n artikel in die wetenskaptydskrif *Science* gepubliseer waarin hulle hul bevindings oor die aarde se nuwe gesig uiteensit. Dit het hulle ses jaar geneem om die voetspoor van die mens op die aarde na te vors en te dokumenteer.

Hulle kom tot die gevolgtrekking dat die mens se invloed op die aarde dié planeet in ’n nuwe tydvak geplaas het. Ons lewe nou in die Antroposeen-tydvak, wat reeds voor 1800 met die Nywerheidsrevolusie begin het. ’n Groot bevolkingsgroei het egter kort ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog begin. In die tyd tussen 1945 en 1950 het die mens die aarde, wat na raming 4,5 miljard jaar oud is, heeltemal anders begin gebruik. Die wêreld se bevolking was in 1950 2,6 miljard en in 1960 net meer as 3 miljard. In net 40 jaar het die bevolking verdubbel, want in 2000 was dit 6 miljard. Vandag woon 7,3 miljard mense op die planeet.

Die wetenskaplikes wys hulle het mensgemaakte minerale (soos beton en verskeie kombinasies van plastiek) op die aarde se oppervlak gekry. Hulle het ook op nuwe chemikalieë op stortingsterreine afgekom – veral DDT wat malaria bestry, maar ook geweldige skade aanrig. Die lae en lae plastiek het hulle veral opgeval. Geen wonder nie, 300 miljoen ton plastiek word jaarliks vervaardig. Dít versmoor die aarde se oppervlak. Damme en riviere is besoedel met plastiek en bourommel en indringerplante dra daartoe by om ons varswaterbronne toksiese gevaargebiede te maak. Plastiek- en ander besoedeling gee aanleiding tot massiewe vrektes van seelewe.

Mense leef danksy die mediese wetenskap langer. Sommige is bevoorreg om die aarde in vliegtuie te deurkruis. Party het selfs hul eie helikopters. Die rykes kan plekke besoek wat ander mense nie kan droom om ooit te sien nie. Die tien rykste mense in die wêreld besit saam R406 miljard. Terselfdertyd gaan slaap 795 miljoen mense saans honger en is 13% van die wêreld se bevolking ondervoed.

Dit laat ’n klomp vrae by ’n mens ontstaan, soos waarom depressie die laaste dekades reeds die siekte van ons tyd genoem word.

© UCLES 2017 

Is dit nie dalk omdat te min mense aktief betrokke daarby is om iets daadwerkliks te doen om die toestand van die aarde te verbeter nie? Is dit nie dalk omdat te veel mense glo dat die paradys van hul kinderdae onherroeplik verlore gegaan het nie? Is dit nie dalk omdat die meeste van ons in ’n betonoerwoud woon en ons selde of ooit kaalvoet in die modder loop nie, selde voëls hoor sing en te bang is om in ’n rivier te swem omdat die water besoedel is?

Is die prys wat ons vir “vooruitgang” betaal het nie dalk te hoog nie?

Uit: *Die Burger, 13 Januarie 2016*

© UCLES 2017

**BLANK PAGE**

© UCLES 2017 

**BLANK PAGE**

© UCLES 2017

BLANK PAGE

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge International Examinations Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cie.org.uk after the live examination series.

Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.